higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N980**(A)**(M29)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

REGSPRAKTYK N5

(13030115)

29 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REGSPRAKTYK N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND en moet deur ALLE kandidate in die ANTWOORDBOEK beantwoord word.
2. Beantwoord enige VYF vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Netheid, styl en ’n sistematiese uiteensetting van feite word vereis. Waar moontlik, beantwoord vrae puntsgewys, maar altyd in volsinne.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

openbare verdediger; u edelagbare; rol; u edele; agbare heer; die klerk; eksekuteur datief; herroeping; met voorbehoud van regte; dagvaarding; verpligte; illikiede; likied; openbare vervolger; 'n testament; die Grondwet; testateur; opsteller; balju; lasbepaling; vruggebruik; getuie

1.1.1 Die persoon wat verantwoordelik is vir die lewering van hofdokumente in die siviele hof.

1.1.2 Die korrekte manier om die regter aan te spreek.

1.1.3 Die belangrikste bron van die Suid-Afrikaanse reg.

1.1.4 Wanneer 'n brief nie as getuienis in 'n hofsaak gebruik mag word nie, word dit met die woord(e) ... gemerk.

1.1.5 'n Gekombineerde dagvaarding word vir ... eise gebruik.

1.1.6 Hierdie persoon tree namens die staat in 'n strafsaak op.

1.1.7 ... is verantwoordelik vir die uitvoering van administratiewe werk in die kantoor van die laerhof.

1.1.8 Prokureurs wat deur die staat betaal word om die beskuldigde by te staan.

1.1.9 'n Klousule in 'n testament wat die reg aan 'n persoon verleen om die voordele van die eiendom te gebruik en te geniet.

1.1.10 'n Klousule in 'n testament wat die reg uitstel totdat sekere voorwaardes nagekom is.

1.1.11 'n Lys van alle gekwalifiseerde, praktiserende prokureurs.

1.1.12 'n Persoon wat 'n testament opstel.

1.1.13 Wanneer daar geen testament is nie en die Meester moet 'n eksekuteur aanstel.

1.1.14 Wanneer 'n sekwestrasieaansoek teen jou gebring word, staan dit bekend as ... sekwestrasie.

1.1.15 ... beteken dat jy as getuie in die hof moet verskyn, en dat jy nie mag weier nie.

(15 × 2) (30)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Slegs 'n advokaat kan as 'n openbare vervolger namens die staat optree.

1.2.2 Die plig om in uiterste goeie trou te handel staan ook as *uberrima fides* bekend.

1.2.3 *S v Mabaso* 2016 (2) SA 128 (N) is 'n voorbeeld van 'n siviele saak.

1.2.4 Alle afgehandelde lêers moet vir 'n tydperk van drie jaar in die prokureur se kantoor gehou word.

1.2.5 Gewoontereg is nie meer 'n bron van Suid-Afrikaanse reg nie.

1.2.6 In 'n demokratiese land soos Suid-Afrika skep die staat die reg.

1.2.7 In die Hof vir Klein Eise mag geen prokureur die eiser of verweerder verteenwoordig nie.

1.2.8 Die algemene reël rakende regskoste is dat die wenner die koste dra.

1.2.9 Absolusie/kwytskelding beteken dat 'n eis van die hand gewys of verwerp word.

1.2.10 'n Interdik is 'n hofbevel wat 'n individu verbied om sekere handelinge uit te voer.

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: (LANGVRAE)

Beantwoord enige VYF van die ses vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Weens die kompleksiteit en die hoeveelheid werk wat 'n groot prokureu hanteer, help dit om die firma in afdelings in te deel.

Noem en omskryf die VYF afdelings in die prokureurspraktyk. (5 × 3) (15)

2.2 Die Hof vir Klein Eise is ingestel om bekostigbare regshulp vir die gewone man beskikbaar te stel.

2.2.1 Hoe staan die voorsittende beampte in die Hof vir Klein Eise bekend? (2)

2.2.2 Noem voorbeelde van eise wat deur hierdie hof aangehoor kan word. (8)

2.2.3 Noem TWEE voordele daarvan om iemand in die Hof vir Klein Eise te dagvaar. (4)

2.3 ’n Strafregtelike handeling om die regering van die staat, aan wie die oortreder trou verskuldig is, omver te gooi, staan bekend as ... . (1)
[30]

VRAAG 3

3.1 Wat Suid-Afrikaanse regsbronne betref, is dit belangrik om te besef dat daar nie slegs een primêre bron is waaruit die reg ontstaan het en waar dit aangetref kan word nie. Suid-Afrikaanse reg het meer as een bron.

3.1.1 Noem enige VIER van hierdie bronne. (4 × 2) (8)

3.1.2 Verduidelik elk van die VIER bronne wat in VRAAG 3.1.1 genoem word. (12)

3.2 Wanneer jy ’n tjek van die boekhouafdeling aanvra, moet jy sekere inligting verstrek.

Noem hierdie inligting. (10)
[30]

VRAAG 4

4.1 In ’n prokureurskantoor word twee tipes rekeninge om geldelike redes gebruik.

Verduidelik hierdie tipes rekeninge. (10 × 2) (20)

4.2 Verduidelik die begrip *volmag*. Maak in jou antwoord ’n duidelike onderskeid tussen die twee tipes volmag. (5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 5

5.1 Die Regsvereniging waak oor die publiek se belange.

Gee die stappe wat gedoen moet word indien ’n lid van die publiek ’n klagte teen ’n prokureur by die Regsvereniging aanhangig wil maak. (4 × 2) (8)

5.2 Noem die vereistes waaraan ’n wettige testament ingevolge die Wet op Testamente en die gemenereg moet voldoen (14)

5.3 Noem enige VIER persone wat volgens hul amp kwalifiseer om as ’n Kommissaris van Ede op te tree. (4 × 2) (8)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Cosmo Diale is EEN van die voorste akteurs in die Republiek. Hy wil ’n drankonderneming in Port Elizabeth oopmaak. Hy kontak jou om raad oor die volgende punte.

6.1 Noem enige SES vereistes waaraan voldoen moet word by die perseel waar die drank verkoop gaan word. (6 × 2) (12)

6.2 Die aansoeker om ’n dranklisensie moet ... jaar of ouer wees. (2)

6.3 ’n Aansoeker om ’n dranklisensie moet ’n Suid-Afrikaanse burger wees.

Antwoord JA of NEE. (2)

6.4 Verduidelik die stappe wat ’n prokureur moet volg wanneer hy/sy ’n lêer vir ’n nuwe kliënt skep. (7 × 2) (14)

[30]

VRAAG 7

7.1 Die manier waarop jy ’n telefoon beantwoord, is een van die belangrikste advertensies vir die firma.

Verduidelik die telefoonmaniere en -tegnieke wat die prokureurskantoor moet volg. (8 × 2) (16)

7.2 Op watter ouderdom kan ’n persoon ’n wettig getuie by ’n geldige testament word? (2)

7.3 Ten einde ’n geldige testament op te stel, moet die testateur ... jaar of ouer wees. (2)

7.4 Wat beteken dit om *intestaat te sterf*? (2)

7.5 ’n Onderhandse ooreenkoms het geen regswerking nie.

Antwoord WAAR of ONWAAR. (2)

7.6 Definieer ’n *notariële ooreenkoms*. (3 × 2) (6)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou